View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)



# Wêreldgebeure.

**BUITELAND.**

In die verre Ooste is nog heel weining vordering gemaak ten opsigte van 'n wapenstilstand. Soms skyn dit of daar ooreenstemming bestaan

**AAN die einde van die jaar is daar nie veel vooruitsigte vir rus en vrede op aarde nie, hoewel dit nie lyk of 'n wêreldbrand onmiddellik voor die deur staan nie.**

wat 'n sekere aantal punte bestref, maar dan word meteens weer 'n dooiepunt bereik. So kan sake ook nie voortduur nie. Geen wonder dat die bloed weer dik vloei in Korea nie.

Van Persië het 'n mens in die afgelope tyd nie veel gehoor nie. Tog het een berig boekdele gespreek, nl. dat Amerika 'n aansienlike bedrag in Persiese raffinaderye gaan belê. Dit skyn of die Perse die masjinerie reeds gedeeltelik weer aan die werk het. Intussen is daar wat ons land betref nog geen tekens dat daar 'n petroltekort is nie.

Die Persiese debakel het die Britte klaarblyklik in Egipte meer gedetermineerd gemaak. Die toestand hier is ver van gerusstellend en bloed vloei byna daagliks. Die feit dat Amerika sy steun aan Brittanje toegesê het, sal veral in hierdie opsig van betekenis wees dat dit die Egiptiese regering versigtiger sal stem. Dit is in belang van die Westerse beskawing dat die Britte daar vastrap en dat Amerika help. As die

**Deur S. DU TOIT.**

Kommunisme in Egipte seëvier en beheer kry oor die Suez-Kanaal, kan dit funeste gevolge vir die Weste hê.

Die oorwinning van Churchill het oor die algemeen meer vertroue in die saak van die Weste gegee. Die Arbeidersregering het sake werklik swak hanteer. Kenmerkend is dan ook die feit dat Churchill dadelik

'n besoek aan Amerika beplan het. Doel sal wel wees om die Amerikaanse en Britse buitelandse beleid nader na mekaar te bring, waar dit gedurende die Attlee-bewind steeds verder van mekaar gedryf het.

Churchill het ook direk toenadering tot Wes-Duitsland gesoek. Die besoek van Adenauer, die Wes-Duitse kanselier, aan Londen is 'n evenement. Wie sou dit 'n paar jaar gelede kon gedink het? Wes-Duitsland word steeds mondiger in die ry van Wes-Europese nasies. Meer en meer word besef dat Wes-Europa sonder Duitse hulp nie verdedig kan word nie. Het Churchill dit tog maar vroeër verstaan!

Die Russe het weereens aan die wêreld 'n verrassing besorg met hulle voorstel tot ontwapening. Nota bene sou hulle selfs toestem tot 'n algehele verbod op die gebruik van atoomkrag vir oorlogsdoeleindes en tot internasionale inspeksie, sonder enige vetoreg. Soos gewoonlik het hulle egter 'n slag om die arm gehou: die ontwapeningskomitee moes ondergeskik wees aan die Veiligheidsraad van die V.V.O.—en hierin behou Rusland sy vetoreg! Geen wonder dat die res van die wêreld skepties teenoor hierdie voorstelle staan nie, hoewel die voorsitter van die V.V.O. nog probeer bemiddel. Net so verrassend is die aandrang op 'n spoedige vrede in Korea.

Die V.V.O. het homself lelik in die pekel beland met sy bereidwilligheid om 'n afvaardiging van die Herero's te woord te staan. Dr. Dönges se waarskuwing was nie onnodig nie: baie gou het geblyk dat almal wat griewe het poginge in die werk stel om toegang vir deputasies te vra. Onverwags het S.A. dan ook steun gekry van 'n grootmoondheid soos Frankryk. Die V.V.O. het voor 'n uiters moeilike situasie te staan gekom en dit kan nog nie voorsien word wat die uiteinde gaan wees nie. Geen wonder dat die Mielieblaarklub die gedagte uitspreek dat die reismiere in hul stryd teen die mense ook nog moontlik hul koninginne na Parys sal afvaardig.

Die tydelike onttrekking van S.A. en die terugroeping van dr. Dönges is sake van die grootste betekenis, die gevolge waarvan op hierdie tydstip nie oorsien kan word nie. Ons kan egter nie sien wat ons regering anders kon gedoen het nie. Dit skyn of die optrede van S.A. nou reeds goeie vrugte afwerp.

Aan die begin van die jaar is daar dus nie veel vooruitsigte vir rus en vrede op aarde nie, hoewel dit nie lyk of 'n wêreldbrand onmiddellik voor die deur staan nie. Die senuwee-oorlog sal egter onverminderd voortgaan en—ondertussen bly die pryse styg!

**SUID-AFRIKA.**

Die eenwording van die twee nasionale partye het vlot verloop. Op partypolitieke gebied het die Afrikanerdom lanklaas so'n hegte eenheid

gevorm. Daar is dan ook allerweë optimisme te bespeur ten opsigte van die komende eleksie. Tog het die Skoolraadsverkiesings weer getoon dat die Opposisie hard organiseer o.m. met behulp van die blikfakkels. Dit is 'n vreeslike tragedie as 'n mens daaraan dink dat daar verskil moet wees ten opsigte van die vraagstukke wat vir S.A. lewensbelang is. Tereg het min. Havenga dan ook herhaaldelik gepleit vir eenheid van strewe onder alle blankes. Daar is tekens dat baie Engelse begin insien dat die Boerebeleid vir ons land die beste is. Aan die ander kant is daar egter nog 'n verbete jingoïsme wat met hand en tand aan die „empire" (wat daar gewees het) vashou.

Ondertussen gaan die ekonomiese ontwikkeling van ons land vooruit met rasseskrede. Hier moes min. Havenga wys op die swaar las wat op spoorweë, padvervoer, irrigasieskema's ens. gelê word om in al die behoeftes te voorsien. En immigrante kom gedurig in, hoewel nie met so'n stroom as wat na Kanada en Australië gaan nie. Ons land staan voor groot ontwikkelinge op ekonomiese gebied.

Hierdie jaar sal in die teken van die Van Riebeeck-feeste staan. Telkens kry ons volk die geleentheid om hom op sy Gereformeerd-Calvinistiese erfenis te besin. Ons verwag nie dat by die groot feeste veel van hierdie aspek sal teregkom nie, maar sprekers by die kleiner feeste kan gerus hierop nadruk lê. Al sal ons nie die spontane geesdrif ondervind van 1938 nie, dit moet tog tot dankbaarheid stem as daar teruggedink word oor die leidinge van God met ons volk gedurende die afgelope driehonderd jaar. Mag die feeste ook meer roepingsbewustheid bring n 'n soek na die ou paaie. Die toespraak van dr. Malan by Ohrigstad was 'n gespierde rede en wat veral tref is die feit dat die eerste minister ons Christelike belydenis so onomwonde uitgespreek het.

5 Januarie 1952.

———:o:———